# Hillcrest High School

Graad 12

## AFRIKAANS EAT V1

SEPTEMBER 2024

PROEFEKSAMEN

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Mev. S. Strydom

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS A: ARTIKEL

# REG VIR VLIEG

**Nadat Jan Bloukaas hom op sy eie dood begin voorberei het, het hy goeie nuus oor sy kanker gekry – en slegte nuus oor sy gesondheid, blus nie sy gees nie.**

Deur **PIETER VAN ZYL**



Van sy woonstel agter sy ouerhuis in De Tijger kom 'n vriendelike jong man aangedraf.

"Daarsy, daarsy, daarsy!" groet hy.

'n Mens sien eers die oogklap wat sy linkeroog bedek, dan sien jy die linkerkant van sy mond hang.

Die sanger, Jan Bloukaas, vertel jou nie dadelik wat makeer nie – in die laaste paar uitmergelende maande, 'n tyd waarin die dood pal soos 'n vlymskerp swaard oor sy kop gehang het, het 'n lighartige grappie daaroor vir hom 'n soort oorlewings-meganisme geword.



Hy móés lag, anders het die donker hom ingesluk, en huil help tog nie.

Daarom grap hy: "Ek *copy* Kaptein Kurt se seerower-*look*," sê die 24-jarige breinkankervegter van Kaapstad se noordelike voorstede. Hy verwys na Kurt Darren wat in 2013 ná 'n motorongeluk 'n ruk lank ook 'n oogklap gedra het.

Jan, oftewel Jean du Plessis, neem ons na die sitkamer van die dubbelverdieping strooidak klipsteenhuis.

"Preeslik, preeslik baie dankie dat julle so per gery het na my toe," sê hy; sy spraak hoorbaar aangetas.

"Dis *suckish,* want ek wou nog toer," vertel Jan oor die onverklaarbare verlamming van sy gesig wat hom so onverwags getref het. Dokters vermoed dis Bell-paralise, maar dit kan ook 'n newe-effek van die laaste paar jaar se bestraling wees.

"Ek en my meisie was verlede Sondag by die Tygerberg-waterfront vir burgers. Toe ek 'n selfie van ons neem, toe sien ek hoe hang my *smile* skielik," sê hy. "Nou werk die

linkerkant van my gesig nie." Onder die oogklap is sy ooglid met pleisters toegeplak om sy oog toe te hou. "Ek is nie skaam nie. Julle kan my maar afneem daarsonder," sê hy. As die skade weens bestraling is, is sy gesig dalk permanent lam, sê Jan. Maar as dit Bell-paralise is soos wat die dokters vermoed, kan die verlamming van sy gesigspiere tussen twee en ses maande duur om op te klaar. Dis wat hy onwrikbaar glo – dat dit gaan opklaar. "Ek kan nie wag om dan weer op die verhoog te wees nie." Glo is al wat hy in die laaste maande kon doen; dis sy geloof wat hom tot hier gedra het. En hy gaan nie nóú ophou nie. Die dapper jong man het destyds met sy kankerdiagnose in 2022 besluit om oop kaarte met sy aanhangers te speel oor sy stryd met glioblastoma, die algemeenste en aggressiefste soort kanker wat in die brein begin. Met my eerste *scan* daar aan die begin was die gewas hier agter in my brein so groot soos 'n snoekerbal," onthou hy. "In Junie verlede jaar was die gewas die helfte, gekrimp tot 'n gholfbal. En nou in Januarie wys die *scan* dis nou die grootte van 'n stokkielekker." Hy wou ná sy diagnose uit die kollig tree omdat hy so vinnig moeg geraak het. Jan het gedink hy gaan sterf. In Oktober verlede jaar het hy nog vertel hoe swaar dit is om homself en sy geliefdes op sy eie dood voor te berei. Hy het selfs 'n plan gehad vir die al die liedjies wat hy in die laaste tyd geskryf het. "Ek wou nie hê my woorde moes op die rekenaarskerm bly nie. Dit moes vlieg. Daarom het ek met Peach van Pletzen, my musiekvervaardiger, gereël dat hy dit sou klaarmaak as ek sou doodgaan." "Maar dis nie meer nodig nie." In Maart reik hy 'n EP uit – en hy gaan hier wees daarvoor. Hy leef. "Die gewas krimp. Ek gaan Desember sien. Die verlamming was die duiwel se *cheap shot*, maar hy gaan nie wen nie." Dis vir sy apteker-ma, Ronelle, en pa, Daan, sakeman in die landboubedryf, bitter swaar om te sien wat hulle jongste seun moet verduur. Eens was die kanker só erg, Jan was vir vier maande bedlêend. Hy het ook reaksionêre artritis gekry weens die bestraling, en kwaai swelling ervaar. Dit was asof die dood aan die deur gehamer het, onthou hy. Maar toe, ná meer as 'n jaar se vrees en angs, kom die nuus dat die gewas die kleinste nóg is. Al hierdie ervarings het hom waardevolle lesse geleer, sê hy laastens. "Dit herinner jou om op te staan en te vlieg sodra jy jou kragte herwin het." En dis presies wat hy vanjaar gaan doen: hy gaan vlieg!

[Verwerk uit: **huisgenoot.com** 15 FEBRUARIE 2024]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1) neer

Die woorde, "reg vir vlieg" in die titel sê vir ons dat ...

A. Jan nou 'n vlieënier is.
B. Jan nog altyd wou vlieg.
C. Jan nou reg is om met sy lewe aan te gaan.
D. Jan nou reg is om dood te gaan. (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord en skryf dit neer.

"en slegte nuus oor sy gesondheid, blus nie sy gees nie", sê vir ons dat Jan (maklik/nie maklik) opgee (nie). (1)

1.3 Watter TWEE dinge in Jan se gesig wys dat hy baie siek was? (2)

1.4 Watter beroep het Jan Bloukaas beoefen? Skryf EEN WOORD as antwoord neer. (1)

1.5 Wat het Jan gedoen om in hierdie moeilike tyd te oorleef en om nie depressief te word nie? (1)

1.6 Lees reël 12.

1.6.1 Met wie vergelyk Jan homself wanneer hy die oogklap dra? Gee die persoon se naam en van. (1)

1.6.2 Die oogklap laat hom stereotipeer. Met wie stereotipeer hy homself en die persoon in 1.6.1? (1)

1.6.3 Verduidelik hoekom die persoon in 1.6.1 ook 'n oogklap moes dra. (1)

1.7 In reël 17 sê hy: "<u>Preeslik</u>, <u>preeslik</u> baie dankie dat julle so <u>per</u> gery het na my toe."

1.7.1 Gee die korrekte Afrikaanse spelling vir die onderstreepte woorde. (2)

1.7.2 Haal VIER opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê WAAROM Jan só praat. (1)

1.8 Gee TWEE verklarings vir waarom Jan se gesig verlam geraak het. (2)

1.9 Die volgende stelling is ONWAAR. Verduidelik waarom.

Jan het geweet die linkerkant van sy gesig hang, nog voordat hy en sy nooi selfies geneem het. (1)

1.10 'n Deel van Jan se gesig was verlam.

Pas die verduideliking in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die letter (A-D) by die nommer (1.10.1-1.10.4).

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 Hy kon nie meer gaan toer nie. | A. Kanker in die brein. |
| 1.10.2 Sy oog wil nie toegaan nie. | B. Permanente verlamming. |
| 1.10.3 Bestraling kan dit veroorsaak. | C. Sy ooglid word met pleisters toegeplak. |
| 1.10.4 Glioblastoma. | D. Kanker in die gesig. |
| | E. Sy gesig is verlam. |

(4)

1.11 Vergelyk die grootte van die gewas in Jan se kop in 2022 met hoe dit nou in 2024 lyk. (2)

1.12 Noem EEN ding wat Jan gedoen het ter voorbereiding van sy dood. (1)

1.13 Die volgende stelling is ‘n FEIT. Verduidelik waarom jy so sê.

Jan is ‘n Christen. (1)

1.14 Haal EEN woord aan wat Jan geleer het om te doen toe hy weer sy krag teruggekry het. (1)

## TEKS B: SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




(Spotprent uit: *Beeld*, 25 Maart 2006)

1.15 In watter vertrek is hierdie mense? (1)

1.16 Wat, dink jy, is daar in Frankie se rapport geskryf wat sy ouers so bekommerd gemaak het? Noem TWEE dinge. (2)

1.17 Hoe weet ons dat Frankie nie regtig besig is om te lees/leer nie? (1)

1.18 Noem EEN ander ding,wat jy in die prent kan sien, wat Frankie eerder sou wou doen as om te leer. (1)

1.19 Watter toekomsplanne het Frankie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Dit is belangrik om te weet hoe om sukses in jou beroep te behaal.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE wenke oor hoe om die beroepsleer suksesvol te klim, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys in die regte volgorde neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

SEWE GOEIE WENKE HOE OM DIE BEROEPSLEER SUKSESVOL TE KLIM:

’n Goedgekose kompliment op sy tyd kan help om jou kollegas en base aan jou kant te kry. Dit laat mense voel hulle word raakgesien. Moet dus nie die kans laat verbygaan om hul goeie prestasies en positiewe gedrag opreg te komplimenteer nie.

Probeer altyd om mense wat behulpsaam en vriendelik is, te waardeer. Dit kan help om jou gewild te maak en ook om jou te bevorder. Om jou waardering met ’n e-pos of brief te wys, is nog beter.

As jy iemand iets vertel, leun vorentoe, kyk die persoon in die oë, luister aandagtig en moenie terselfdertyd na iets op jou lessenaar soek nie. As jy ’n meningsverskil met ’n kollega het, gee hom/haar kans om klaar te praat. Jy mag verskil, maar wees ordentlik en beskaafd daaroor sonder om onderdanig te wees.

Wees vriendelik met almal. Praat op ’n rustige en aangename manier en beantwoord jou telefoon met ’n glimlag in jou stem. Om saaklik te wees, beteken nie om onvriendelik te wees nie. Wees vrygewig met humor, maar altyd in goeie smaak, anders sal jy gou as iemand-sonder-klas gebrandmerk word. Jy kan lag en grappies maak, maar maak seker dat jy altyd goeie smaak aan die dag lê. Jou kollegas mag nooit alles omtrent jou weet nie. Laat hulle maar gerus oor sekere persoonlike dinge wonder. Moet ook nie oor ander se private sake uitvra nie.

Sjarmante beroepsmense met goeie maniere en beskaafde gewoontes is ekstra gewild. Wys dat jy belangstel. As iemand vra hoe dit met jou gaan, kan jy gerus ook na hulle welstand uitvra.

(Aangepas en verwerk uit: *INTERNETWENKE* 21 Junie 2008)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**



3.1 Hoe trek die adverteerder die leser se aandag? Noem TWEE tegnieke. (2)

3.2 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Dit is ‘n helder somersdag. (1)

3.3 Verander die volgende sin na ‘n BEVELSIN.

Jy soek onder jou bed. (1)

3.4 Hoe sluit die manier waarop die produk geadverteer word, by al die inligting in die kopie aan? (2)

3.5 Hoekom word ‘n koppelteken in die naam, Moeggeploegpan-Wes, gebruik? (1)

3.6 Gee ‘n voorbeeld van ‘n negatiewe woord wat in die advertensie gebruik is. (1)

3.7 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder om die leser persoonlik by die advertensie te betrek? (1)

3.8 Maak ‘n sin met die HOMONIEM “tablet” waarin die betekens duidelik is. (1)
[10]

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS E: TIM TIER EN SIMON




[Verwerk uit: www.comics.com]

4.1 Noem EEN manier waarop Simon se woorde in RAAMPIE 1 beklemtoon word. (1)

4.2 Skryf Simon se woorde in RAAMPIE 1 oor in die INDIREKTE REDE.

“Alles is só deksels moeilik.”

**Begin só:** Simon sê dat ... (1)

4.3 Kyk na raampie 2.

4.3.1 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.3.1) en die antwoord (A–D) neer.

Simon se lyftaal in raampie 2 dui aan dat hy ...

A. ŉ plan het.
B. hartseer is.
C. gefrustreerd is.
D. sy werk regkry. (1)

4.3.2 Motiveer jou antwoord op 4.3.1 deur na Simon se liggaamstaal in RAAMPIE 2 te verwys. Noem TWEE dinge. (2)

4.4 "Droom voort!"

4.4.1 Hoe weet ons dat Tim se woorde in RAAMPIE 3 net gedagtes is? (1)

4.4.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf dit neer.

Ons kan sien Tim is (hoopvol/teneergedruk) in hierdie raampie. (1)

4.5 Skryf Simon se woorde in RAAMPIE 3 oor in die INFINITIEF.

Hoekom moet ek vir alles werk?

Begin só: Hoekom behoort ... (1)

4.6 Hoekom word die woord "WERK" in RAAMPIE 3 in hoofletters geskryf? (1)

4.7 BENOEM EEN van die LEESTEKENS wat in RAAMPIE 3 gebruik word. (1)
[10]

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

### TEKS F: ARTIKEL

**Paul Adams deel sy (5.1.1) (lewe + les)**



[Uit: ESPNcricinfo.com]

Paul Adams, 'n bekende krieketspeler, het 'n tweede kans gekry. (5.1.3) Paul is vandag 'n wonderlike rol model vir kinders. Paul Adams se lewe op die Kaapse Vlakte was moeilik. (5.1.4) Dié oudkrieketspeler se agtergrond keer hom nie. Hy het op (5.1.5) 18 met sy ongewone boultegniek internasionaal beroemd geword.

Maar in sy 30's het sy lewe verander. Hy was skielik (5.1.6) (sonder werk). 'n Baba was op pad en daar was geen plan B nie. (5.1.7) Hy het moed vir die toekoms gehad. (5.1.8) Werk was skaars. Hy het 'n klein, administratiewe werkie by die Cape Cobras krieketspan aanvaar. Dit het tot die pos as afrigter van dié span gelei.

Paul deel 'n paar belangrike wenke (5.1.9) ... ons.

- (5.1.10) Jy moet altyd eerlik wees. Dis die enigste manier om respek af te dwing.
- Moenie ophou droom nie. (5.1.11) Probleme sal jou nie onderkry nie.
- Moenie te veel van jouself dink nie. Dis soms goed om onder te begin.
- Fokus op oplossings; nie op probleme nie.
- Wees gereed vir (5.1.12) geleenthede.

(5.1.13) Paul het alle kanse gebruik. (5.1.14) Paul sê dat passie vir 'n mens se werk belangrik is.

[Verwerk uit: Huisgenoot, 24 Oktober 2013]

5.1.1 Gee die SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Paul Adams deel sy (lewe + les). (1)

5.1.2 STEL DIE VRAAG sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

Hy is op soek <u>na ʼn tweede kans</u>. (1)

5.1.3 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin. Skryf die korrekte spelling neer.

Paul is vandag ʼn wonderlike rol model vir kinders. (1)

5.1.4 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Dié oudkrieketspeler se agtergrond keer hom nie. (1)

5.1.5 Skryf die onderstreepte getal uit in WOORDE.

Hy het op <u>18</u> met sy ongewone boultegniek internasionaal beroemd geword. (1)

5.1.6 Gee die KORREKTE afleiding (EEN woord) vir die woorde tussen hakies.

Hy was skielik (sonder werk). (1)

5.1.7 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Hy het moed vir die toekoms gehad. (1)

5.1.8 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Werk was skaars. Hy het ʼn klein, administratiewe werkie by die Cape Cobras krieketspan aanvaar. (daarom) (1)

5.1.9 Gee die ontbrekende VOORSETSEL.

Paul deel ʼn paar belangrike wenke ... ons. (1)

5.1.10 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Jy moet altyd eerlik wees.

Begin die sin só: Jy hoef ... (1)

5.1.11 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Probleme sal jou nie onderkry nie. (1)

5.1.12 Deel die woord in hakies op in LETTERGREPE.

Wees gereed vir (geleenthede). (1)

5.1.13 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Paul het alle kanse gebruik. (1)

5.1.14 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Paul sê dat passie vir ʼn mens se werk belangrik is. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.



[Uit: www.comics.com]

5.2.1 Verbeter die volgende sin. Skryf die hele sin oor.

Rosie weet nie wat Dirk beplan. (1)

5.2.2 Verbeter die SPELLING van die woord in hakies.

Dirk wil vir Rosie (veras) met 'n pragtige verloofring. (1)

5.2.3 Kies die korrekte HOMOFOON en skryf dit neer.

Om die geleentheid te (vier/fier), het hy die tafel romanties gedek. (1)

5.2.4 Kies die korrekte WERKWOORD van die woorde in hakies.

Rosie kon nie haar oë (glo/belowe) toe sy die ring sien nie. (1)

5.2.5 Gee die VERSAMELNAAM vir die woorde in hakies.

Sy is so lief vir (ringe, armbande, oorkrabbers en hangertjies). (1)

5.2.6 Kies die korrekte BYVOEGLIKE NAAMWOORD.

Vir die twee verliefdes was dit 'n (opwindende/opgewonde) dag. (1)
[20]

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [80]**

**KLEUR DIE PRENT IN!**

